Lêer verw/ 15/3/4-9/Erf_4131, 4128
File ref:

Navrae/Enquiries:
Me D N Stallenberg

23 Junie 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Sir/Madam

**VOORGESTELDE AFWYKING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 6491 (KONSOLIDASIE TUSSEN ERF 4131 EN GEDEELTE VAN ERF 4128), MOORREESBURG**

U aansoek met verwysing 273~4128-Mrb gedateer 21 Mei 2021 namens Southern Oil Pty. Ltd. verwys.

A Die Munisipale Beplanningstribunaal het op 'n vergadering gehou op 9 Junie 2021 die aansoek om afwyking van ontwikkelingsparameters op ongeregistreerde erf 6149 (Erf 4128 en gedeelte van erf 4131), Moorreesburg ingevolge artikel 70 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) soos volg goedgekeur:

- Afwyking van die 21m hoogtebeperking om die 29m hyserstruktuur sowel as vervoerbande te akkommodeer ten einde die silos op 'n hoogte van 20,7m te akkommodeer soos voorgestel op die aansigte wat die aansoek vergesel het.

Die goedkeuring is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) Bouplanne vir die voorgestelde strukture aan die Senior Bestuurder : Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word.

**B ALGEMEEN**

(a) Die aansoeker/beswaarmaker ingevolge Artikel 89(2) van die Verordening van sy reg tot appèl, binne 21 dae vanaf datum van registrasie van kennisgewing, teen die besluit van die Munisipale Beplanning Tribunaal ingelig word

C. Die aansoek word vir die volgende redes ondersteun:

(a) Die eiendom is tans Nywerheidsone 2 gesoneer, wat die bedryf van die canola oliepersaanleg toelaat en die aansoek vir oorweging behels slegs 'n afwyking van die hoogtebeperking
(b) Verder behels die afwyking slegs die 29m hoogte en vervoer strukture.. Die voorgestelde silos voldoen aan die 21m hoogtebeperking

(c) Soos vermeld in die toepaslike ontwikkelingsbestuursskema word aanvaar dat die intensiewe aard van die nywerheidsaktiwiteit of die skaal van die bedrywighede op 'n Nywerheidsone 2 eiendom 'n negatiewe impak op die aangrensende grond kan genereer.

(d) Alhoewel die strukture sigbaar is, is silos nie 'n ongewone gesig in Moorreesburg, wat as 'n landbou dienssentum beskou word, nie.

(e) Die goedkeuring van die strukture op die voorgestelde hoogte sal lei tot die optimale gebruik van ruimte op die eiendom.

In terme van Hoofstuk VII, artikel 89(2) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 8226 van 25 March 2020) het u sowel as die beswaarmaker 'n reg om binne 21 vanaf datum van registrasie van hierdie skrywe aan die appèlowerheid van Swartland Munisipaliteit, teen die besluit van die Munisipale Beplanning Tribunaal appèl aan te teken.

Sou u besluit om te appelleer kan u aan die volgende adres skryf:

Die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.

Let asseblief daarop dat indien die aansoeker/beswaarmaker wel appèl aanteken, 'n appèlfooi van R2 260-00 betaalbaar is. Die appèl moet vergesel word van die bewys van betaling en eers dan sal die appèl as geldig beskou word.

Hierdie besluit kan derhalwe eers van krag word sou daar na verloop van die toegelate appèltydperk geen appèlle ontvang word nie.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
Per Departement Ontwikkelingsdienste
/ds

Afskrif : Boubeheerbeampte